

## **Geloofsatleet 4**

**“Down on my knees”**



## **Inhoudsopgawe**

1. "Word jy getoets op jou woord?"
2. Wie/wat sal ons skei van die liefde van Christus
3. Fokus
4. Die pad vorentoe
5. Down on my knees....

So baie keer word 'n atleet se lewe omgekeer van 'n hoogtepunt tot 'n laagtepunt, deur beserings en moed opgee en 'n klomp goed wat kan skeefloop.

Van 'n hoogtepunt tot 'n laagtepunt, dit is hoe ek my lewe na my vorige boek kan beskryf. 3 maande... en my lewe is omgekeer... tot op 'n punt waar ek nie weet wat nou eintlik gebeur het nie. Ook nie die hoekoms en waaroms nie. Ook nie die pad vorentoe nie.

Wat nou? As atleet kry jy hulp van jou afrigter. Saam werk julle dinge weer uit, maar wat gebeur as niemand op jou hulpgeroep antwoord nie? Dit is mos die gewoonte in die moderne samelewing. Almal lees eposse en Facebook boodskappe, maar dis baie gerieflik om liewers nie daarop te reageer nie. Netnou moet jy 'n hand uitsteek om te help. Wat het geword van *Gal 6:2 Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus?* Ek glo dat daar wel innerlik op boodskappe gereageer is, maar 'n hand uitsteek of 'n drukkie of net 'n vraag: kan ek jou help?

Hierdie laaste 3 maande het ek baie vrae gevra en net soos 25 jaar gelede het die vrae net donkerpad toe gelei. Skeiding het plaas gevind. Dit is asof vrae vra 'n sonde is wat 'n straf moet dra. Nou ja, 25 jaar gelede het die skeiding my op 'n nuwe pad, 'n wenpad, geplaas. So glo ek sal hierdie skeiding my weer eens op 'n wenpad plaas, soos my lieve sussie vanaand gesê het – jy het altyd 'n manier om te “bounce back”.

Wat het gebeur dat ek al hierdie donker vrae vra?

### “Word jy getoets op jou woord?”

Daar is 'n gesegde wat sê dat jy getoets word op wat jy spreek. So het ek ook agter gekom oor die laaste paar jare dat wanneer ek iets sê vind daardie woorde altyd 'n manier om my te “haunt”. Is dit die waarheid of is dit bloot jou denke wat op jou die gevoel speel?

2012 het ek in 'n getuienis in die kerkdiens onder andere die volgende woorde uit die Bybel gekwoteer nadat ek ernstige probleme met my rug opgedoen het:

*Luk\_10:19 Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.*

*Mar 16:18 slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.*

Binne 'n maand daarna het my gesondheid wel niks oorgekom nie, maar is my kind op ernstige emosionele wyse aangeval.

Tydens die Paaskonferensie 2014 het 'n ander suster van ons gemeente 'n getuienis uitgebring waar sy ook direk 'n woord teen die vyand uitgesit het dat hy geen mag oor haar sal hê nie. Die woorde is ook gebaseer op die woorde wat ek hierbo genoem het. Kort daarna het ook haar gesin minder goeie tyding ontvang oor 'n kleinkind.

Is dit bloot toevallig of word ons getoets op ons woord? Word ons kinders gebruik as middele om ons te toets? Hulle wat dalk nog nie sterk genoeg in die geloof is om hom teen te staan nie?

Ek is geleer om enige saak te toets teen die Woord van God en het dan ook hierdie gesegde se waarheid gaan soek in die Bybel. Dit is wat ek gekry het:

## Woord van God

*Jas 2:14 Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?*

*Jas 2:19 Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.*

*Act 19:15 Maar die bese geses het geantwoord en gesê: Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?*

*Jas 1:14 Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word.*

*Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.*

*Mat 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?*

*1Co 13:2 En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.*

*Gal 5:13 Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde.*

Hierdie woorde het my baie laat dink, want hoeveel daarvan kan ons op ons self toepas?

Pas ons werke en ons geloof by mekaar?

Sidder ons in die teenwoordigheid van God soos die duiwels wel doen?

Het ons die gawes van die Heilige Gees en kan ons berge versit of soos in Engels genoem word – “to remove mountains”?

Het ons werklik die liefde teenoor mekaar?

Leef ons die uitnemender weg?

*2Cor12:30-31*

*30 Do all possess extraordinary powers of healing? Do all speak with tongues? Do all interpret?*

*31 But earnestly desire and zealously cultivate the greatest and best gifts and graces (the higher gifts and the choicest graces). And yet I will show you a **still more excellent way** [one that is better by far and the highest of them all—**love**].*

Ek dink ons skiet ver tekort in baie van hierdie woorde, maar veral ten opsigte van die liefde, die goddelike liefde, die “compassion” liefde, die uitnemender weg, daarom kan die vyand ons woorde teenoor ons terug gooi en die mat onder ons uitruk want al kan ons baie in en deur die Gees doen, is ons nie werklik op die regte plek nie en het ons baie om te ondersoek en oor na te dink, veral as ons vind dat ons sê ons word getoets op ons woord...

## Maar daar is altyd genade en woorde van herstel

*Eph\_4:27 en gee aan die duiwel geen plek nie.*

*Eph\_6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.*

*Jas\_4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.*

*1Pe\_5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.*

*2Co 10:4 want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,*

*Luk\_19:43 Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit.*

*2Co\_10:5 terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,*

In nederigheid “is ek met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my.”  
Gal\_2:20 en “is ons tot alles in staat deur Christus wat ons die krag gee”. (Fil4:13)

*Opsomming:*

*Rom 8:33 Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?*

*antwoord: Sag 3:1 Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die HERE staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klæ.*

*Zec 3:1 And he shewed me Joshua the high priest standing before the angel of the LORD, and Satan standing at his right hand to resist him.*

Satan kan jou net aanklæ as jy iets verkeerd gedoen het, hy kan jou nie uit sy eie uit toets nie, hy kan wel die goeie weerstaan ....  
maar die Woord wat die Here gespreek het staan vas, dit kan nie getoets word nie  
*Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele. Ps 119:89*

## **Wie/wat sal ons skei van die liefde van Christus**

So ‘n paar weke gelede het ons na ‘n fliëk gekyk waar die mense astrale projeksie doen. Ons weet wat die gevolge daarvan is en waarmee dit verband hou, maar ons het gekyk na wat die vyand nou direk voor ons oë verkondig, wetende dat min mense dit glo vir die waarheid.

Wat ons wel opgeval het was dat daar altyd iemand was wat die persoon “terug geroep” het wanneer hy begin verdwaal in die astrale dimensie. As mens te lank uit die liggaam is kom neem die demone besit daarvan. As jong Sielkunde studente het ons 25jaar gelede niks hiervan geweet nie en het mens dit alleen aangevat en dit gedoen vir die “sports” van jou vak.... Hoe onkundig is ons volk nie...

Wat ons ernstig besef het na die fliëk was dat ons nooit alleen moet wees in die geloof nie. Wanneer een moeite en krisis beleef moet die ander daar wees om hom deur te dra en in gebed vas te hou en deur sy stem sal hy die ander een terug roep na die regtige pad.

Maar wat gebeur as albei gelyktydig deur ‘n donkerte gaan? Wie roep dan terug?

Dit het nou met ons gebeur... die een kon die ander nie help nie. Dit was totaal donker rondom ons a.g.v. verskeie goed wat in ons lewe gebeur het oor die laaste 3 maande. Ek self het gesukkel om Bybel te lees en te bid. Ek het nie meer gesing nie en van lag was daar min tekens. Nie eens my verjaarsdag het die dag opgevrolik nie.

Maar toe lees ek die hoofstuk wat o, so bekend is, maar wat ek tot op daardie dag nog altyd anders gelees het:

*Rom 8:35 Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?*

Ek het dit altyd gelees as “wat sal my liefde kan skei van God” maar toe besef ek dit gaan niks oor my liefde vir die Here nie, want kyk hoe maklik het ek in ‘n moeilike tyd gestruikel. Dit gaan oor Sy liefde vir ons. Hy is die Stem – soos in ons astrale storie hierbo – wat ons terugroep tot ons weer hoor en herstel sodat ons dan kan sê:

*Rom 8:37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.*

Deur Sy liefde wat ons vasgehou het en ons geroep het kan ons terugkeer as oorwinnaars en dan eers kan ons regtig sê:

*Rom 8:38 Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge*

*Rom 8:39 of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.*

As dit nie vir God se liefde was deur Sy seun Jesus Christus nie, sou ek nie kon terugkeer nie, maar deur Sy liefde, Sy wonderbare, genade liefde, kan ons werklik versekerd wees dat niks ons sal skei van sy liefde nie. Dit is onself wat afdwaal en struikel, maar van Sy kant af - Sy liefde staan vas, anders het die kruisdood geen waarde nie, nie vir ons nie en ook nie vir Hom nie.

Ek dank die Here vandag vir daardie liefde en Sy stem wat aanhou roep het deur die duisternis heen!

*Pred 4:12 En as iemand die een aanval, kan altwee hom teëstand bied; en 'n driedubbele lyn word nie gou verbreek nie.*

## **Fokus**

Hierdie maande was werklik 'n tyd waar ons deur diepe waters gegaan het: in die besigheid en emosioneel, tot op so 'n punt waar ek 'n "depro" getref het. Ek wat altyd gesê het depressie bestaan nie in die lewe van God se kinders nie. Ek het vas geglo dat as die Heilige Gees in jou woon, jy nie aan depressie kan lei nie, maar ek was oppad daarheen. Donkerte, afgrond... "deep miry clay".

Maar daar was weer 'n stem wat gesê het: "ek weet jy vind altyd 'n weg om te 'bounce back'".

By die aanddiens vanaand kyk ek so in die spieël en vra vir die Here: "wat is gesteel of wat ek het weggegee of wat het ek verloor?"

Die antwoord dadelik – "jou 'fighting spirit'". Net dit. 'n wegspring punt! Ek kan weer fokus... ek het weer rigting. Hoe wonderlik toe ons daarna al die oorwinningsliedere sing en ek ook my man weer sien praat soos in die verlede! "Coach" en atleet, man en vrou weer saam op die baan!

## **Die pad vorentoe**

As atleet het ons altyd dagboek gehou van die programme wat ons uitwerk. Ons kon altyd terug kyk na wat ons gedoen het. Dit het hierdie week weer vir my gewys dat in tye van donkerte kan jy altyd na jou geestelike dagboek terugkyk vir nuwe energie. Terugkyk na daar waar die Here jou gedra het, boodskappe vir jou gegee het en voorsien het! Hy het nie verniet eendag vir my in 'n droom gegee dat ek alles moet dokumenteer nie!

Wat is die woord wat Hy my nou gee?

*Jer 31:21 Rig vir jou mylpale op, maak vir jou padwysers, let op die grootpad, die pad wat jy geloop het.*

*Psa 84:6 Welgeluksalig is die mens wie se sterkte in U is, in wie se hart die gebaande weë is*

*Pro 22:29 Sien jy 'n man wat vaardig is in sy werk—hy kan voor konings staan, hy hoef nie voor geringes te staan nie.*

*Pro 24:10 Gedra jy jou slap in die dag van benoudheid, dan skiet jou krag te kort.*

*Luk 21:14 Neem julle dan in jul harte voor om nie vooraf oor julle verdediging te dink nie.*

*Luk 21:15 Want Ek sal aan julle woorde en wysheid gee wat al julle teëstanders nie sal kan teëspreek of weerstaan nie.*

Ek moet kyk na die pad wat ek reeds geloop het, die gebaande weë. Ek is vaardig in my werk, ek hoef nie voor geringes te staan en die sweep van die wêreld te aanvaar nie. Ek moet stop met my benoudheid, want dit steel my krag. Hy sal aan my die wysheid gee wat my teëstanders nie sal kan teëspreek of weerstaan nie.

## **Down on my knees...**

As atleet was ek gereeld op my knieë in die wegspring posisie. Vandag is ek op my knieë want ek het my Jesus gevind...

*Joh 1:38 En toe Jesus Hom omdraai en hulle sien volg, sê Hy vir hulle: (1:39) Wat soek julle? En hulle antwoord Hom: Rabbi—dit wil sê, as dit vertaal word, Meester—waar is U tuis?*

*Joh 1:41 (1:42) Hy het eers sy eie broer Simon gekry en vir hom gesê: Ons het die Messías gevind—dit is, as dit vertaal word, die Christus.*

*Down on my knees, I found my Jesus  
Down on my knees, I found my Lord  
Not on the mountain, nor in the valley  
But on my knees, I found my Lord*

14 July

THE TRUMPET by BILL BURNS

I hear the Lord speaking, and He says, I see you, I hear you and I know you. I know your motives, actions, and your activities. I know when you have the Spirit of wisdom working on your behalf so that you can rise up into a position of victory. Don't forget that I see you where you are. I know you and the attitudes that you have in those moments. I know your manner of warfare or the lack thereof. I know you from the rising of the sun to the setting of it, and I know you in the night seasons. I have heard you. Please understand that when you believe all that is in My word, as brought to you by the Spirit of enlightenment, you have been equipped to be an overcomer. You are equipped so that you may fight the good fight of faith and win. So what's left to do? Win! Win the

battle! Run the race! Do not give up! Do not sit down! Do not lay down! But, stand up, go forward, and I will go with you.

SMALL STRAWS IN A SOFT WIND by MARSHA BURNS

Be who you are. Be genuine. There is no need to try to gain the approval of others through pretense. True acceptance comes from Me. A lack of sincerity will derail spiritual discernment and will interfere with your relationship with Me, says the Lord. Be honest in expressing your feelings, thoughts and intentions. 2 Corinthians 1:12 For our boasting is this: the testimony of our conscience that we conducted ourselves in the world in simplicity and godly sincerity, not with fleshly wisdom but by the grace of God, and more abundantly toward you.



*By your steadfastness and patient endurance  
you shall win the true life of your souls.*

*Luke 21:19 (Amp. Bible)*